NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VERGADERING GEHOU OP 25 JANUARIE 1961.

BUITELAND.

1. OPENING:
Die voorsitter Ds. P.S.Z. Coetzee, open die vergadering met gebed.

2. TEENWOORDIG:
Ds. P.S.Z. Coetzee; Ds. J.J. Fourie; Die Org. Sendingsekretaris; Alg. Sendingsekretaris; en mnr. J. van Graan.

3. GOEDKEURING VAN NOTULE:
Die vorige Notule word goedgekeur en onderteken.

4. AANBEVELING VAN DIE S.A.S.K. INSAKE: BUITELANDSE BEGROTING:
Die U.K. beveel aan dat die hersiene begroting deur die S.A.S.K. aanvaar sal word, wat behels £24,206 van die kant van die S.A.S.K. min die bedrag wat deur die S.A.S.K. ten opsigte van die Opvoedkundige Departement reeds uitbetaal is vanaf 1 Julie tot 31 Desember 1960.

5. MOTORTOELAE:
Die U.K. beveel aan by die S.A.S.K. dat 'n £1,000 bygevoeg sal word om die motortoelae van die sendelinge aan te vul Hierdie bedrag sal geneem word uit die Buitelandse Sending Strydfonds.

6. INSAKE: VOORTREKKERGEDENKSKOOL:

(a) Die optrede van die Alg. Sendingsekretaris word deur die U.K. goedgekeur nl. waar hy daarop klem gelê het dat, met groot omsigtigheid te werk gegaan sal moet word, met onderwyseresse wat hulle vir die sending aangemeld het en moontlik dan as onderwyseres in die Voortrekker Gedenkskool gebruik sal word vir die onderwys van die blanke kinders aldaar.

(b) Vervoerkoste van kinders heen en weer: Die U.K. beveel aan dat in die toekoms vervoerkoste aan sendelinge wat kinders by die Voortrekker Gedenkskool op skool het aan die begin en aan die einde van die kwartaal aan ouers uitbetaal sal word.

7. INSAKE: MEDIESE AANGELEENTHEDE IN VERBAND MET SENDINGPERSONEEL:

(1) Die U.K. beveel aan dat Sendelinge wat ver van die geneesheer is, in dringende gevalle aan hulp verleen sal word ter delging van die werklike koste wat die vervoer betref.

(2) Ten opsigte van medisyne sal die Sendinggeneesheer in die toekoms versoek word, om op elke stasie 'n basiese hoeveelheid medisyne vir die huisapteek gratis beskikbaar te stel.

(3) Sendelinge sal geen inbetalings meer maak ten bate van die siekefonds nie.

(4) Die siekefonds sal alleen aangewend word vir buitengewone gevalle wat deur die U.K. op meriete beoordeel sal word.

8. AANBEVELING: SALARIS UITBETALING MEVR. EERW. PIENAAR:
Die U.K. beveel aan dat aan Mevr. Eerw. Pienaar vir drie maande vanaf 1/1/61 haar man se volle maandelikse salaris betaal sal word.

9. BONUS MEVR. RETIEF:
Die U.K. beveel aan dat 'n bonus van £150 aan Mevr. Retief gegee sal word vir dienste gelewer te Katete.